



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Western Cape Provincial Parliament IPalamente yePhondo IeNtshona Koloni

OPROEP OM BENOEMINGS OM VAKATURES IN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE TE VUL

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Kultuursake en Sport nooi die algemene publiek uit om geskikte persone te benoem om in die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te dien. Persone wat aangestel word, sal h' ampstermy van drie jaar dien.

Die doel van die Kommissie is om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, te bevorder en te ontwikkel in ooreenstemming met beleid wat deur die Minister verantwoordelik vir kultuursake bepaal word. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het tot stand gekom om uitdrukking te gee aan die vereistes van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuuradewet, 1998 (Wet 14 van 1998), en die Grondwet van die Wes-Kaap. Lede van die Kommissie sal die rekenpligtige owerheid van die entiteit wees en sal verantwoordelik wees vir al die bestuurstoetsigverwante aangeleenthede ingevolge artikel 49 tot 57 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (WOFB).

Vereistes

Benoemdes moet:

- Suid-Afrikaanse burgers wees, ten minste 21 jaar van ouderdom wees en permanente inwoners van die Wes-Kaap wees;
- so ver as moontlik verteenwoordigend wees van die kulturele diversiteit van die mense van die Wes-Kaap; en
 - ten minste twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap vlot magtig wees.
 - oor kennis van kultuuraangeleenthede beskik en aktief bydra tot die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kultuur met betrekking tot die burgers van die Wes-Kaap.

Benoemdes moet oor kennis beskik van en/of ondervinding hê in enige van die volgende:

- sakestudie;
- bemarking- en bestuurspraktyke;
- kennis en begrip van kulturele diversiteit;
- kultuurgeskiedenis, sosiale antropologie, die uitvoerende kunste en tale;
- beleidsontleding en -interpretasie;
- gesonde kennis van finansiële bestuur en voldoeningsvereistes ingevolge die WOFB.

Benoemings moet met die voorgeskrewe benoemingsvorm gemaak word en moet teen nie later nie as Dinsdag 3 Augustus 2021 ingedien word.

Die benoemingsvorm is op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webstude by www.wcpp.gov.za beskikbaar. Afskrifte kan ook by die Staande Komitee se Prosedurebeampte, mnr Waseem Matthews, aangevra word. Sy kontakbesonderhede is:

- e-pos: wmatthews@wcpp.gov.za
- tel: 021 487 1741

Uitgereik deur mnr RI Allen (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport.